



## NOTULE VAN DIE VERLORENVLEI RIVIERMOND BESTUUR FORUM

**PROJEK:** Verlorenvlei bestuursplan  
**DATUM:** 24 August 2011  
**TYD:** 13h00-15h00  
**PLEK:** Elandsbaai Hotel, Elandsbaai

---

### **Bywoning**

Sien Bylaag 1

### **Verwelkoming en Bekendstelling**

Pierre De Villiers het almal teenwoordig by die vergadering verwelkom en hulle bedank vir die tyd wat hulle afgestaan het, om dit by te woon. Hy het verduidelik dat Anchor Environmental Consultants oorgeneem het as die implementeringsagentskap vir hierdie projek en het die verskillende lede van die span (Barry Clark, Ken Hutchings en Greer Adams) voorgestel. Pierre het ook die voorsitter van die Forum, mnr Jan van Zyl, voorgestel. Hy het daarna gevra dat elkeen hom/haarself voorstel en dan sy/haar affiliasie vermeld. Dié inligting is gestaaf deur die bywoningsregister wat tydens die vergadering omgestuur is (Bylaag 1).

### **Verskonings aangebied**

Verskonings van verskeie persone wat nie die vergadering kon bywoon nie, is ontvang.

Ken Hutchings het ook navraag gedoen na moontlike verskonings wat deur enige ander persoon wat teenwoordig is, ontvang is.

Hier volg 'n volledige lys van verskonings wat ontvang is:

Marius Wheeler	Cape Nature
Kevin Shaw	Cape Nature
Guy Palmer	Cape Nature

Johan Burger	Cape Nature
Cheryl Lancelles	Marine Bewusmakingsprojek
Sunet Basson	
Gavin Lawson	Kaapse Voëlklub
Lara van Niekerk	WNNR
Dave Whitelaw	CBC Cons. com.
Peter Meyer	

## Agenda

Pierre de Villiers het verwys na die agenda wat vir die vergadering (ingesluit as Bylaag 2) gesirkuleer is, en gevra of daar enige bykomende items was wat bygevoeg moes word. Ken Hutchings het aangedui dat hy 'n aantal versoeke ontvang het van belanghebbendes wat addisionele items wou byvoeg. Dit was op die skerm geprojekteer. Geen ander addisionele versoeke is ontvang nie, en Pierre het voortgegaan om deur die bykomende items te werk ( items hieronder genommer).

### 1. Implikasies van die prospektering vir Tungsten- en ander seldsame grondmetale in Moutonshoekvallei.

Bennie van der Merwe het die bewoording op die voorlegging gekorrigeer en dit duidelik gestel dat prospektering, en nie mynregte nie, aan Bongani toegestaan is. Hy het verduidelik dat daar baie kommer onder belanghebbendes bestaan oor die die toekenning van dié prospekterregte. Die Verlorenvleikoalisie is gevorm om teenstand te bied teen die mynbou- / prospekterplanne, omdat hulle glo dat mynbou nie regtig ekonomies haalbaar in hierdie gebied is nie, en nog minder is dit omgewingsvolhoubaar, gesien in die lig van die waarskynlike impak wat dié aktiwiteite op die vlei sou hê. Groot volumes water sou nodig wees vir mynbou, waarvan die meeste waarskynlik vanuit die Krom Antonies rivier onttrek sou word, wat die vernaamste rivier is wat Verlorenvlei voed.

### 2. Grondwet van die Forum

Nick Taylor en Felicity Strange het verduidelik dat sommige van die belanghebbendes bekommerd was omdat die Forum nog nie amptelik gekonstitueer is nie, en dat alle lede nog nie nominasievorms van hul onderskeie kiesafdelings ontvang het nie. Hulle was ook bekommerd omdat baie van die verteenwoordigers op die Forum nie 'n amptelike kiesafdeling het wat deur hulle verteenwoordig word nie.

Daar is op dié tydstip ooreengekom dat, ter wille van vooruitgang, dit nie 'n formele vereiste vir lidmaatskap van die Forum sou wees nie. Pierre de Villiers het daarop gewys dat dit nie noodwendig 'n vereiste was vir ander getyrvier Forums, wat tot op datum saamgestel is nie.

### 3. Die bekragtiging van die voorsitter se amptelike bevestiging.

Daar is ooreengekom dat die voorsitter tydens die laaste vergadering volgens regsvoorskrifte verkies is, en dat enige formaliteite met betrekking tot sy aanstelling op 'n later stadium aangespreek kon word.

#### 4. Verkiesing van 'n adjunk-voorsitter.

Daar is ooreengekom dat hierdie kwessie op 'n latere stadium hersien sou word, indien daar nog steeds 'n behoefte vir 'n adjunk-voorsitter sou wees.

#### 5. Die nodigheid om die doel en doelwitte van die Forum te bevestig.

Pierre de Villiers het voorgestel dat die tot stand koming van 'n amptelike grondwet vir die Forum, die mees effektiewe manier sou wees die doel en doelwitte van die Forum te bevestig. Barry Clark van Anchor Environmental het ingestem om 'n konsep-grondwet voor te berei en dit dan tesame met die notule van hierdie vergadering te versprei. (Sien Bylaag 3).

#### 6. Rolle en funksies van die verteenwoordigers op die Forum, moet duidelik omskryf word.

Pierre de Villiers het voorgestel dat dit aangespreek word soos vir punt 6 hierbo. Die voorstel is deur die belanghebbendes aanvaar.

#### 7. Afwesigheid van die notule van die vorige vergadering van die belanghebbendes.

Ken Hutchings aangedui dat hierdie notules, voor die vergadering, aan alle belanghebbendes op die databasis gesirkuleer is.

#### 8. Versuim van die getyrvierbetuursplan om kwessies rakende die kulturele- en argeologiese erfenishulpbronne bevredigend aan te spreek.

Pierre de Villiers het erken dat dit inderdaad die geval was en het ooreengekom dat dit in Ancher se opdrag vir die opdatering van die getyrvierbetuursplan ingesluit sou word.

#### 9. Stand van die varswater-reserwe vir Verlorenvlei

Barry Clark verduidelik dat 'n studie om die reserwe varswater vir die Sandveldrivergroep te bepaal, voltooi is. Dié studie sluit die riviere in wat Verlorenvlei in 2002 gevoed het, sowel as die reserwe grondwater-hulpbronne in hierdie gebied.

Konsultante is ook onlangs aangestel om die Departement van Waterwese (DWW) se waterhulpbronklassifikasiesistelsel (WHKS) te implementeer vir alle beduidende waterbronne in die Olifants-Doring waterbestuursgebied (WBG), wat dan Verlorenvlei insluit.

Francois van Heerden het bevestig dat konsultante aangestel is om hierdie taak te voltooi en dat 'n vergadering met belanghebbendes in dié gebied in Mei 2001 gehou is, en dat 'n tweede vergadering vir Oktober, 2011 geskeduleer is.

Pierre de Villiers beklemtoon dat dit belangrik is vir belanghebbendes van dié streek om hierdie vergaderings by te woon, om sodoende seker te maak dat enige kwessies wat hulle raak, aangespreek sal word.

10. Erkenning van die vlei, as 'n entiteit in sy eie reg en die vasstelling van die ekonomiese waarde en belangrikheid van die vlei.

Felicity Strange het verduidelik dat belanghebbendes amptelike erkenning vir die belangrikheid van die vlei ('n benoeming as 'n Ramsar-site) wou hê, sodat amptelike beskerming aan die vlei toegeken kon word.

Pierre de Villiers het verduidelik dat Cape Nature die daarstelling van Verlorenvlei as 'n beskermde gebied ondersoek, soos voorgeskryf in die Wet op Beskermde Gebiede.

Kommer is ook uitgespreek omdat Verlorenvlei binne die gebied van twee munisipaliteite val, die Bergrivier- (die boonste opvanggebied) en die Sederberge Munisipaliteite (die laer opvanggebied en die vlei self). Dit is belangrik dat beide munisipaliteite op die Forum verteenwoordig word en huidiglik het slegs die Bergrivier Munisipaliteit verteenwoordiging. Charles Malherbe, Weskusdistriksmunisipaliteit (WKDM) het onderneem om die saak met die Sederberge Munisipaliteit op te volg.

11. Die opweeg van watergebruik teenoor die bewaring van water deur middel van verteenwoordiging op die Forum.

Jan van Zyl het dat daarop gewys dat hy daarvan bewus was dat daar twee groot verbruiker / belangegroepes onder die belanghebbendes is. Dit sluit die groep in wat water verbruik, bv. die boere, en diegene wie se primêre belange by bewaring en ekotoerisme lê. Hy het beklemtoon dat dit belangrik was dat die twee groepe eenstemmigheid bereik oor hoe om saam te werk, om sodoende 'n gemeenskaplike doel te bereik. Hy het benadruk dat dit belangrik was dat die voorsitter van die Forum onafhanklik bly en al die kwessies wat deur lede van die Forum op die tafel geplaas word, objektief oorweeg. Dit is ook belangrik om enige belangegroepes wat tans nie verteenwoordig op die Forum het nie, te identifiseer en om dié saak so gou as moontlik aan te spreek, sodat die Forum aan die gang kan kom.

### **Bespreking van prioriteitshandelinge wat in die OBP gelys is**

Ken Hutchings het opgemerk dat daar 35 prioriteitshandelinge in die OBP gelys is, waarvan ten minste 30 as hoë prioriteite beskou word. Hy het daarop gewys dat dit onmoontlik sou wees om onmiddellik aan al hierdie kwessies aandag te gee en voorgestel dat ons vereens net 'n paar aanpak. Hy het 3 kwessies uitgelig waaraan, volgens sy mening, die Forum eerste aandag moes

gee. Dit was (1) beskermdegebiedstatus vir Verlorenvlei, (2) bestuur van die rivieroewersone (riete in die besonder), en (3) die beheer van uitheemse visse. Die lede van die Forum wat teenwoordig was, het saam gestem dat dit 'n goeie benadering was, en was bereid om met dié 3 kwessies weg te spring. Die eerste kwessie is daarna bespreek.

## **1. Beskermdegebiedstatus vir Verlorenvlei**

Ken het verduidelik dat die Anchor-span vasgestel het dat Cape Nature besig was met die daarstelling van 'n beskermde gebied vir Verlorenvlei, volgens 'n mandaat van die Provinsiale LUR. Hy het Pierre de Villiers gevra om meer besonderhede oor hierdie aangeleentheid te verskaf.

Pierre het verduidelik dat Cape Nature na 'n verskeidenheid van opsies gekyk het, wat sou lei na 'n verbeterde bewaring van Verlorenvlei. Een van die opsies onder oorweging was die vestiging van 'n bewarea deur die Kaapse Natuurbewaring Voogdyskapprogram. Die grootste probleem met hierdie benadering is dat daar meer as 50 afsonderlike plase rondom die vlei is en dat dit nie haalbaar vir Cape Nature was om afsonderlike ooreenkomste met elk van die plaas-eienaars te sluit nie, soos die normale praktyk onder die Stewardship-program vereis. Cape Nature het daarom besluit om die stigting van 'n beskermde gebied, soos bepaal kragtens die Wet op Beskermde Gebiede, te oorweeg. Hy het verduidelik dat dié benadering die ontwikkeling van 'n reeks van bestepraktykryglyne vir die vlei sou vereis en dat al die grondeienaars aan die rivieroewers oortuig sou moes word om 'n ooreenkoms te teken waarin hulle ooreenkom om te voldoen aan dié riglyne.

Jimmy Walsh het aangedui dat hy gevoel het dat dit 'n goeie benadering was. Hy het genoem dat Phillipa Huntley, van Birdlife, al tot 'n mate ondersoek ingestel het na die verbetering van die bewaringstatus van Verlorenvlei en dat sy probeer het om vir hierdie doel, fondse in te samel deur middel van Birdlife International.

Barry Clark het voorgestel dat dit waarskynlik die beste sal wees om 'n werksgroep te stig wat hierdie saak verder kon ondersoek en wat dan by die volgende vergadering verslag sou doen oor hul bevindinge. Hy het vir 'n lys van name van mense wat sou belangstel om deel te wees van so 'n werksgroep, gevra. Die volgende persone het vrywillig aangebied, of is genomineer, om in hierdie werksgroep te wees:

- Phillipa Huntley (Leader)
- Pierre De Villiers
- Feilicy Strange
- Bennie van der Merwe
- Terrence Collier

Die doelwitte vir hierdie werksgroep is om opsies te ondersoek vir die amptelike beskerming van Verlorenvlei, m.b.t. hierdie opsies die regsdiens van die Departement van Omgewingssake te raadpleeg, en om befondsing vir enige werk wat in hierdie verband gedoen moet word, te soek. Daar is ooreengekom dat die groepleier verantwoordelik sal wees vir die verdere ontwikkeling van hul opdragte, vir die sameroeping van vergaderings, en vir die koöptering van bykomende ondersteuning vir die groep, indien dit benodig word.

## **2. Bestuur van die rivieroewersone rondom die vlei**

Ken Hutchings het hierdie onderwerp ter sprake gebring deur te verduidelik dat die grond aangrensend aan Verlorenvlei meestal in private besit is en gebruik word vir veeboerdery. Lewende hawe word tans toegelaat om tot aan die kant van die water te wei en water direk uit die vlei uit te drink. Vanuit 'n bewaringsoogpunt beskou, is dit kommerwekkend, omdat die vee die voëls en ander wilde diere in die vlei versteur, en die plantegroei op die oewer vertrap. Die groei van riete aan die kante van die vlei het in die afgelope dekades beduidend toegeneem, vermoedelik as gevolg van die verhoogde insette van voedingstowwe tot die stelsel, wat op sy beurt toegang na die water vir beide diere en mense bemoeilik. Die riete is van tyd tot tyd aan die brand gestee om sodoende toegang tot die water te verbeter. Dit het weer tot verdere versteuring van wild om die vlei gelei en die verdere groei van die riete bevorder. Ken het gesê dat hy in beskikbare literatuur oor riete en die bestuur van rivieroewesone nagelees het en op 'n artikel afgekom met die titel, "Guidelines for Protection/Management of Sensitive Wetland Areas", wat deur die "National Freshwater Ecosystems Prioritization Assessment (NFEPA)" geskryf is. Dié artikel verskaf riglyne vir die bestuur van rivieroewers van varswatervleilande. Hy het aangedui dat hy ook 'n aantal ander dokumente gevind het wat oor rietbestuur, spesifiek by Verlorenvlei, handel. Hierdie dokumente sluit 'n konsep-bestuursplan in, wat deur Johan Burger van Cape Nature opgestel is. Hy (Ken) het beweer dat dit dalk die moeite werd sou wees om die bestaande riglyne en planne, wat veral te make het met varswatervleilande, aan te pas en te gebruik vir die bestuur van getyrviere soos Verlorenvlei. Ken het 'n skyfie van sommige van die riglyne van die NFEPA projek aan lede van die Forum vertoon. (sien hieronder).

Uittreksel uit die NFEPA verslag: "Riglyne vir die beskerming / bestuur van sensitiewe vleilandgebiede"

<b>Grondgebruik of aktiwiteit</b>	<b>Bestuursriglyne</b>
Weiding	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is in die algemeen onaanvaarbaar dat diere in vleilande wei.</li> <li>• Indien dit as aanvaarbaar beskou word, moet die weidingskapasiteit van die btrokke plantegroei, asook die gevaar van gronderosie van dele van die vleiland in gedagte gehou word.</li> </ul>

	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lewende hawe moet nie toegelaat word om in die natste dele van die vleilande te wei nie, ook nie in of naby vloeikanale nie, of in areas waar die grond onstabiel is.</li> </ul>
Uitheemse, indringer plante	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die aanplanting van uitheemse, indringer spesies in vleilande en om/in plaasdamme in die omliggende opvangsgebied behoort nie toegelaat te word nie.</li> <li>• Uitheemse, indringer spesies, hetsy terrestriëel of akwaties, behoort uit vleilande en die omliggende buffersones verwyder te word.</li> <li>• Vleilande en die omliggende buffersones behoort hoë prioriteit te geniet wat verwyderingsprogramme en –veldtogte betref.</li> </ul>
Bosaanplanting en die uithaal van inheemse spesies	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verwydering van inheemse plant spesies vanuit vleilande of die buffersones moet streng beheer word, om die invloed op die hidroliese stelsel te verminder. Die volhoubare oes van plante, indien dit n geringe invloed op die spesiediversiteit en die funksionering van vleilande het, mag aanvaarbaar wees.</li> <li>• Bosaanplantings met uitheemse, indringer spesies behoort nie in in vleilande of hulle buffersones plaas te vind nie.</li> <li>• Plantasiebome wat vleilande of hulle buffersones binnedring, behoort verwyder te word.</li> </ul>
Brande	Beheerde brande was gepas is vir die betrokke plantegroei, behoort in vleilande toegelaat te word, maar onder streng beheer.

Pierre de Villiers het dié voorstel sterk ondersteun en gesê dat hierdie soort riglyne dringend benodig word vir getyrieviere landwyd, omdat dit dikwels as n belangrike kwessie voorkom in heelwat getyrievierebestuursplanne wat in opdrag van die Cape Estuaries Programme saamgestel word.

Nadat Bennie van der Merwe die voorbeelde wat aangebied is, bestudeer het, het hy vir Ken gevra of die boere betrokke was by die opstel van die riglyne in die NFEPA-verslag. Hy het gevoel dat dit baie onwaarskynlik was, gesien in die lig van die onrealistiese aard van wat reeds na vore gebring is. Hy het die noodsaaklikheid ingesien dat, wanneer enige realistiese riglyne wat vir hierdie doel te ontwikkel word, die boere daarby betrokke moet wees en dat daar rekening gehou word met hul insette. Hy het voorgestel dat Jakobus Smit geraadpleeg word, omdat hy al n geruime tyd by dié soort werk betrokke was. Hy het ook verduidelik dat dit nodig was vir die boere om die riete van tyd tot tyd te brand om vee toegang tot die water te gee. Die riete word nie jaarliks gebrand nie, omdat hulle net sou brand as daar eers voldoende droë materiaal versamel het (d.w.s. 'n paar jaar). Hy het ook verduidelik dat die nuwe groei proteïenryk is en dus baie voedsaam is vir vee.

Jan van Zyl het hierdie waarnemings gesteun en gesê dat die brande nodig was. Wat nodig was, is riglyne oor hoe (bv. die maak van voorbrande om te keer dat hele vlei nie afbrand nie) en wanneer (dit wil sê, watter tyd van die jaar) om te brand, sodat wilde diere minimal versteur word.

Nick Taylor het gese dat dit moontlik is om, met behulp van masjinerie (bv. 'n meganiese stroper of bull dozer) riete te verwyder, soos tans die gebruik is in Zandvlei in Kaapstad, en het voorgestel dat daar ondersoek ingestel word of dit ook vir Verlorenvlei moontlik sou wees. Hy het toegegee dat dit waarskynlik duur sou wees. Hy het voorgestel dat daar ondersoek ingestel word of dit die moeite werd sou wees om die riete met die hand te sny. Die Coast Care werkers kan dan in diens geneem word om dit te doen.

Charles Malherbe het saamgestem dat die meganiese afsny van die riete heelwaarskynlik baie duur sou wees en daarop gewys dat dit nodig was om die wortels van die riete ook uit te grawe, anders sou hulle net weer baie vinnig terug groei. Dit behels ook die uitgrawe van groot hoeveelhede sediment wat 'n omgewingsimpakstudie sou vereis – die uitgrawe van meer as 5 m<sup>3</sup> grond in 'n vleiland is 'n gelyste aktiwiteit in terme van die OIB-regulasies.

Jan van Zyl het het daarop gewys dat 'n mens waarskynlik meer skade aan die ander oewerplantegroei sou aanrig met 'n meganiese stroper of 'n stootskraper, as wat lewende hawe sou. Hy het gesê dat seekoeie, uit 'n historiese oogpunt beskou, die groei van die riete baie doeltreffend in toom gehou het. Hy het ook genoem dat koeie dit byna net so effektief sou kon doen, en dit is waarskynlik die mees ekonomiese en omgewings-vriendelike manier om die hergroei van die riete in die vlei te beheer.

Een van die lede van Forum het genoem dat die spuit van die riete met onkruidododer ook doeltreffend die groei van die riete sou beheer, maar dat dit duur is en heelwaarskynlik 'n negatiewe impak op die natuurlewe sou hê.

Een van die ander lede van die Forum het daarop gewys dat riete nie in staat is om te groei wanneer die soutgehalte van die water bo 'n sekere vlak gestyg het nie, en voorgestel dat ons die mond van die getyrvier bagger om sodoende meer seewater in die stelsel in te laat. Om seewater in die stelsel in te pomp, sou dieselfde effek hê.

Daar is aan die einde van die bespreking ooreengekom dat die konsultante 'n werkwinkel sou reël wat wetenskaplikes en boere sou insluit. Daar sal dan na die bestaande riglyne gekyk word en gepoog word om beste praktyk riglyne vir die bestuur van oewersones rondom getyrviere op te stel.

~~Paul Jones het genoem dat daar 'n ander kwessie is wat aangespreek moet word, wat ook betrekking het op die groei van riete. Hy het verduidelik dat 'n voorstel om die toegangspad na Elandsbaai op te gradeer, deur die Weskus Distriksmunisipaliteit ontvang is. Hy het verduidelik dat die bestaande pad die vloei in die vlei belemmer wat ernstige vloede stroom op veroorsaak, verder is die pad erg beskadig en ook onbegaanbaar in die wintermaande.~~



Die meeste van die skade het ontstaan as gevolg van riete wat beide stroom op en stroom af aan die kante van die brug groei. Die gevolg is 'n verhoogde vloei van water oor, in plaas van onderdeur die brug na reën in die opvangsgebied. Hy het voorgestel dat die pad eerder na 'n posisie verder stroom af, naby aan die Sonskyn Kafee verskuif word, en dat 'n behoorlik ondersteunde brug hier gebou word (d.w.s. nie net 'n padkruising met duikerslote daaronder nie). Die Departement van Openbare Werke is blykbaar huiwerig om dit te doen, as gevolg van die verhoogde koste van hierdie opsie, maar is van mening dat 'n brief, afkomstig van die Forum, hulle kantoor moontlik kon oortuig dat dit die moeite wêrdsou wees. Hy het ook genoem dat CCA aangestel was om 'n OIB vir die opgradering van die pad te doen en het die Forum aangeraai om gou hierop te reageer. Paul het gevra of die Forum hierdie opsie sou ondersteun.

Die volgende korreksie / verduideliking is ontvang van Paul Jones:

Paul Jones genome dat terwyl die kruising is & 'n relevante factor betrokke by die oorweging van riet groei, die motivering om die bestaande brug te ondersoek, was dat hy deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke by toeval gehoor dat 'n dringende onderhoud / opgradering van die brug word beplan, vir die bestaande pad, en dat daar was geen werklike oorweging gegee om die saak deeglik te ondersoek met betrekking tot die lokasie, doenlikheid of die omgewing. Hy het gesê dat die Departement was egter oop vir bespreking en / of motiverings. Dit was op hierdie punt dat die Forum gevra is vir hul ondersteuning om die saak verder te neem. Hy het verder gesê dat die lae water brug saak, pas direk in Afdeling 2.3 van die *Verlorenvlei Estuary Management Plan* in die opsomming tabel item 5: Stads en Toerisme Ontwikkeling Aksie, item 5.1.

#### **Korrespondensie met die Departement van Vervoer en Openbare Werke or die lae water brug is in aanhangsel 4.**

Csillag Louw se kommentaar was dat hierdie voorstel sin gemaak het vir 'n aantal redes (verbeterde toegang, verminderde vloedisiko, verbeterde water uitruil) en opgemerk dat die heel eerste pad wat gebruik was om die getyrvier oor te steek, oorkant die Sonskyn Kafee was.

Barry Clark het gevra of daar enige besware teen die Forum se ondersteuning van hierdie opsie was. Geen besware is ontvang nie, daarom het hy voorgestel dat Paul 'n brief tot dien effek skryf en dit laat onderteken deur Jan van Zyl, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Forum.

Keith Harrison het opgemerk dat die probleem met die sny van die riete was dat dit ook die groei daarvan bevorder het.

Jan van Zyl het almal teenwoordig herinner dat ons nog die lede wat bereid sou wees om deel te neem in die werkwinkel oor hoe om die riete te beheer, moes identifiseer.

Barry Clark het genoem dat hulle (Anchor) wetenskaplikes en bestuurders wat kon deelneem, sou identifiseer, maar dat ons ook nog deelname deur plaaslike boere benodig.

Die volgende persone het ingestem tot deelname aan die werkswinkel, of was daartoe genomineer.

- Bennie van der Merwe
- Jacqui van der Merwe
- Jakobus Smit
- Jimmy Walsh
- Nick Taylor
- Lana Robertson

Charles Malherbe het gevra of die Forum ook kortliks kwessies met betrekking tot die verwydering van die riete digby die verskillende brûe in die vlei kon bespreek. Hy het genoem dat die Cape Lowland Environmental Services (CLES) 'n omgewingsbestuursplan vir die uithaalvan die riete by die padkruisings opgestel het, wat die vloedrisiko sou verminder. Hierdie OBP is deur die owerhede goedgekeur en 'n omgewingsmagtiging is uitgereik wat die munisipaliteit toelaat om meer as 5 m<sup>3</sup> vanuit hierdie areas te verwyder. Die goedkeuring was slegs vir rampverligting en kon nie gebruik word om die riete in ander areas te verwyder nie. Hy het verduidelik dat die verwydring van die riete vertraag was as gevolg van die feit dat hy (Charles) gelys is as die Omgewingsbeheerbeampte (OBB) vir die projek en dat hy nie beskikbaar was toe die kontrakteurs met die werk wou begin nie. Hy het gevra of was daar n  ander lid van die Forum was wat bereid sou wees om hierdie taak oor te neem, sodat daar geen verdere vertraging sou wees nie.

Gina Louw het daartoe ingestem.

Charles het ingestem om deurgaans met haar in verbinding te bly en die Forum op die hoogte te hou van verdere ontwikkelings.

### **3. Uitheemse visse beheer**

Ken Hutchings het verduidelik dat onlangse opnames getoon het dat daar 'n ho  digtheid van uitheemse vis in die vlei was, waarvan die meeste karp en Tilapia was. Steve Lamberth (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) het voorgestel dat die Forum n  voorstel aan Departement van Landbou, Bosbou en Visserye voorl  om n  eksperimentele vissery in die vlei begin, wat n  dubbele doel sou dien om die getal uitheemse visse in die vlei te verminder, asook om n  goedkoop bron van proteiene vir die plaaslike bevolking te wees. Die voorstel moet die doelwitte van die projek spesifiseer, 'n duidelike motivering gee waarom dit wenslik sou wees en moet besonderhede verskaf oor wie toegelaat sou word om vis te vang (d.w.s. die aantal en die name van persone wat betrokke is), die

toerusting wat gebruik sou word (bv. handlyne, treknette of kieunette) en enige ander beheermaatreëls wat van toepassing sou wees (bv. die totale toelaatbare vang, toelaatbare byvangs, geslote seisoene, treknet beperkings, ens). 'n Ooreenkoms sal ook met Cape Nature of enige ander geskikte agentskap aangegaan moet word om vangste te monitor.

Cyril Walker het aangedui dat hy en 'n aantal ander mense uit die plaaslike gemeenskap sou belangstel om opvolgwerk te doen en dat hy vol vertroue was dat hy in staat sou wees om die vang van uitheemse visse in die vlei in 'n lewensvatbare onderneming sou omskep. Hy was bekommerd oor 'n aantal potensiële struikelblokke vir die oprigting van só 'n vissery. Dit sluit in toegang tot die water, wat die grootste struikelblok is, omdat die meeste van die grond wat rondom die vlei is, in private besit is. Die grondeienaars sou moes instem om toegang te verleen vir die te waterlating van die bote en die aflaai van die vis.

Felicity Strange het saamgeatemp dat inheemse visspesies in die vlei onder ernstige bedreiging staan weens die uitheemse spesies (veral karp en Tilapia), maar het haar kommer uitgespreek oor die potensiële byvangs van die inheemse visse, veral as sleepnette gebruik word. Sy het voorgestel dat die vang van visse net tot lyne beperk word.

Csillag Louw het ingestem, maar die punt gemaak dat baie van hierdie kwessies verband hou met die groei van riete op die openbare grond langs die vlei, eerder as toegangsbeperkings wat deur private grondeienaars opgelê word. Sy het genoem dat die hele gebied tussen die skool en die brug openbare grond is wat beskikbaar is vir publieke gebruik. Sy het ook opgemerk dat een van die groter private grondeienaars, Patrys Louw, toegelaat dat mense vanaf sy grond visvang, maar dat fooie hiervoor gehef word.

Barry Clark het aangedui dat Anchor behulpsaam kon wees met die indiening van 'n besigheidsplan en 'n aansoek by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye vir 'n eksperimentele permit. Hy sal dan die verteenwoordiger van die gemeenskap wat belangstel sou stel in die verkryging van so 'n permit, nodig hê. Hulle (Anchor) sal ook help met die identifisering van geskikte areas van waar die vissers toegang tot die vlei kan kry. Die volgende persone het aangebied of is genomineer is vir hierdie doel:

- Ken Hutchings
- Cyril Walker
- Andrew Louw
- Jakobus Low
- Nick Taylor
- Terrance Collier

Terrence Collier opgemerk dat daar groot ontevredenheid onder die lede van die gemeenskap in Elandsbaai heers, ten opsigte van beperkings tot toegang tot die water.

Nick Taylor het saamgestem dat hierdie kwessie aangespreek moet word, in samewerking met die uitheemsevisbeheerprojek.

Ken Hutchings het nie saamgestem nie en gesê dat toegang tot die vlei eerder opsigself 'n probleem is en dat dit nodig was om dié kwessie afsonderlik aan te spreek, eerder as deel van die uitheemsevisbeheerprojek.

Jan van Zyl het hiermee saamgestem en voorgestel dat 'n afsonderlike taakspan gevorm word om hierdie probleem aan te spreek. Hierdie span sal dan met die uitheemsevisbeheerprojek saamwerk om die probleme met die toegang op te los. Die volgende persone het aangebied of is genomineer is vir hierdie doel:

- Felicity Strange
- Nick Taylor
- Theunis Coetzee
- Csillag Louw
- Andrew Louw

Charles Malherbe het opgemerk dat baie van die projekte wat in die OBP geïdentifiseer is, arbeid of hulp nodig het in die implimentering daarvan, bv. die verwydering van die riete. Hy het voorgestel dat die Forum samesprekings voer met die Coast Care agente wat aktief is in die Elandsbaai-omgewing, aangesien hierdie maatskappye spanne het (deur die Regering in diens geneem) wat gebruik kan word om aan projekte in openbare belang te werk. Nuwe spanne word juis huidiglik aangestel.

Pierre de Villiers het sy kommer uitgespreek dat meeste van die betrokke agentskappe reeds aan bestaande projekte toegeken is. Die Forum sal dus moet wag vir die volgende siklus van projekte, om nuwe projekte voor te stel.

Felicity Strange het genoem dat daar 'n hele aantal ander uitheemse plantspesies is wat negatiewe impakte op die ekologie van die vlei het, bv. die "Caster oil bean". Hierdie plante moet ook uitgehaal word, moontlik deur die "Coast Care" program.

Jan van Zyl het die vergadering afgesluit. Hy het al die deelnemers vir hulle teenwoordigheid en bydrae bedank. Hy het al die persone wat ingestem het om lede van die aangewese werksgroepe te wees, daaraan herinner dat hulle hulle verantwoordelikheid ernstig moet opneem en dat hulle op die volgende vergadering van die Forum sal moet terug rapporteer. Die datum van die volgende vergadering is vir 12 Oktober, 2011 om 13h00 vasgestel.

Die vergadering het om 16h00 verdaag

## Verlorenvlei EMP - 24 August 2011

<u>Name</u>	<u>Organisation</u>	<u>Email address</u>	<u>Phone</u>	<u>Signature</u>
Barry Clark	Amber Environmental	barry@amberenvironmental.co.za	021 7013420	
Ken Hutchings	"	ken@amberenvironmental.co.za	"	
Karl Jones	EBEDA G	karl@ebeda.org.za	082 4923527	
Francis van Heerden	DWA: O/D	vanheerden@dwaf.gov.za	082 8073559	
Murphy Mashudu	DWA: O/D	murphy@dwaf.gov.za	082 804 8211	
Bentley Engelbrecht	DWA:	engelbrecht.b@dwaf.gov.za	082 6080347	
Jakkie Steynhovel	Botswanaland Municipality	steynhovel@botswanaland.gov.za	083 6514567	
Lorna Robertson	Versterk NP	lorna@versterknp.gov.za	033 4721940	
Thomás Louw	Boesmansrivier	thomas@boesmansrivier.co.za	077 9698575	
Rodney Meyer	Midstream Resources	rodney@midstreamresources.co.za	082 923 0971	
Elm van Zyl	Staatse Bedryfsmaatskappij	elm@statebedryfsmaatskappij.co.za	022 9621733	
Markus Hubert	Petersburg Regional Municipality	markus@petersburgmunicipality.co.za	053 254 4319	
Csilla Kovacs	River Aankomsers	csilla@riveraankomsers.co.za	082 7251905	
Václav Adamík	Environment Community	vadamik@environmentcommunity.co.za	079 7708196	
ANDREW LOUW	ENGELBRECHT REINER	"	022 9721621	
Judie Louw	Truusvlei / Adresserby	"	073 854 2463	
Barry Smith	ECDO J	"	08 851 8737	
KEITH HARRISON	W.C. BRAD G.O.P.	keith@wcbgad.co.za	022 7133026	
Jacobus Smit	Kroonvlei Distrik	jsmit@kroonvleidistrik.co.za	083 3925124	
Smit x Rensburg	Palmietvllei	"	084 9230393	
J.P. Pieterse	Aluwerke	"	073 8172729	
Elbo Cloete	Cape Nature	elbo@capenature.co.za	0824 555 919	
TERENCE COLLE	CAPE NATURAL	terence@capenature.co.za	082 455 5513	
Charles Mulheke	West Coast Distrik	charles@westcoastdistrik.co.za	022 7735491	
TIMMY WALSH	BLSA + CWBR	timmy@blsa.co.za	022 712 1673	
RENÉE VAN DER MEER	Karoo NUTRITIEUS BUREAU + VC	renee@kroonvleibureau.co.za	022 942-1782	
JACQUI VAN DER MERVE	KANNA	jacqui@kanna.co.za	022-9421782	
FELICITY STRANGE	VEERLENTLEI	felicity@veerleentlei.co.za	022 942 1432	

@ GMAIL . CO M





## C.A.P.E. Regional Estuarine Management Programme

### GETYRIVIERBESTUURSPROGRAM VIR VERLORENVLEI VERGADERING MET BELANGHEBBENDES, 24 AUGUSTUS 2011 VENTERSKLIP, ELANDSBAAI

---

#### KONSEPAGENDA

13h00	Registrasie en tee / koffie en verversings	Almal
13h15	Welkoming & Inleiding	Pierre de Villiers (C.A.P.E. Getyrivierprogram)
13h30	Aanvaarding van Agenda	Pierre de Villiers
13h35	Terugvoer oor enige vordering gemaak tot op hede	Jan van Zyl (Voorsitter:BestuursForum)
14h00	Voorgestelde optredes om 'n paar belangrike kwessies aan te spreek (weidingsgebruik van rivieroewersone, riet beheer, gebruik van kieunette)	Ken Hutchings (Anchor Environmental Consultants)
14h30	Bespreking van voorstelle en enige ander aangeleenthede	Onder voorsitterskap van Jan van Zyl

---



# **AANHANGSEL 3: VERLORENVLEI GETYRIVIERBESTUURSFORUM KONSEPOPDRAG**

**September 2011**

## **1. INLEIDING**

Verlorenvlei is 'n belangrike vleilandgebied as gevolg van die omvang van die internasionaal belangrike biofisiese eienskappe wat verband hou met die stelsel, insluitend 'n groot watervoëlbevolking (waad- en watervoëls) wat dit gebruik as voeding, slaap en nesbou grond, volwasse- en jong visbevolkings wat die getyrvier as 'n voedings- en kwekery area gebruik, en die groot en uitgestrekte natuurlike plantegroei wat deel van die area is. Die getyrvier bied ook unieke geleenthede aan vir 'n groot groep gebruikers wat baat vind by wat die getyrvier bied. Die gebruikers het egter ook uiteenlopende behoeftes, wat op sy beurt uiteenlopende bestaande en potensiële impakte op die omgewing het.

As gevolg van hulle posisionering tussen varswater-, land- en marine omgewings, is getyrviere in die verlede nie na behore deur marine (Wet op Lewende Marine Hulpbronne en die Seekuswet), varswater (Nasionale Waterwet) en die bewaring van biodiversiteit (NEM: BA en NEM: PA) aangespreek nie. Hierdie ongelukkige toedrag van sake is egter onlangs met die proklamerings van die nuwe Wet op Geïntegreerde Kusbestuur erken. Getyrviere en die bestuur daarvan vorm nou 'n integrale deel van dié wet wat 'n uiteensetting gee van 'n Nasionale Getyrviersbestuur Protokol. Die protokol identifiseer die behoefte vir die ontwikkeling van getyrvierbestuursplanne vir individuele getyrviere, omdat daar geglo word dat dit die bestuur van getyrviere op 'n plaaslike vlak in lyn sou bring en koördineer. Die Kaapse Aksieplan vir die Omgewing (CAPE) Streeks Getyrvierbestuursprogram is spesifiek ontwikkel om die bestuur en bewaring van getyrviere in die Kaapse Floristiese Streek (CFR) aan te spreek. Die hoofdoel van die oorhoofse program is om 'n strategiese bewaringsplan vir al die getyrviere in die streek te ontwikkel, en om gedetailleerde planne vir elke getyrvier voor te berei.

Verlorenvlei is gekies as een van die eerste getyrviere in die streek vir die ontwikkeling van 'n toegewyde bestuursplan. 'n Konsep-bestuursplan vir die stelsel is deur die WNNR ontwikkel. Anchor Environmental Consultants is aangestel om behulpsaam te wees met die implementering van hierdie plan. Gegewe die vlak van integrasie tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsagentskappe vir die bestuur van die getyrvier, en die uiteenlopende verskeidenheid van belanghebbendes en belangegroepe hierby betrokke, is daar 'n besef dat die implementering van hierdie plan waarskynlik buite die mandaat en die kapasiteit van 'n enkele plaaslike owerheid of agentskap is. Dit was dus aanbeveel dat 'n getyrvierbestuursforum, bestaande uit verteenwoordigers van die vernaamste nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsagentskappe, sowel as sleutel belangegroepe, tot stand gebring word om toesig te hou oor die implementering van dié bestuursplan, asook die



monitering daarvan.

Hierdie dokument verteenwoordig die konsepopdrag vir die getyrivierbestuursforum van Verlorenvlei. Dié konsepopdrag stel die fokus, doel en basiese reëls vir die vestiging en werksaamhede van die Forum vas.

## **2. GEOGRAFIESE FOKUS**

Die Verlorenvleibestuursforum sal fokus op die watergebied van die Verlorenvlei, die tussen- en supragety gebiede, asook die opvangsgebied van Verlorenvlei en die aangrensende binneland, in so verre as wat aktiwiteite in hierdie areas 'n invloed op die getyrivier het. Die Forum sal alle aangeleenthede m.b.t. die getyrivier aanspreek, sowel as enige aangrensende areas, indien dié aangeleenthede direk verband hou met die getyrivier.

## **3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE**

3.1. Die oorkoepelende doel van die Forum is om toesig te hou oor die implementering van die bestuursplan vir Verlorenvlei, asook die monitering daarvan. Die Forum sal gelei word deur die visie en doelwitte soos vervat in die bestuursplan. Dit sal daarna streef om 'n geïntegreerde benadering tot die bestuur, bewaring en ontwikkeling van die getyrivier, sowel as die grond en opvangsgebiede aangrensend daaraan, te bevorder, asook faktore wat dit beïnvloed.

3.2. Die Forum het die volgende ten doel: Om

- 'n spreekbuis wat verteenwoordigend is van al die belangrikste belangegroepe te wees ;
- 'n weg vir die uitruil van inligting te voorsien;
- die bestuur en die gesondheid van die getyrivier te monitor, asook navorsing daarvoor te inisieër en te lei;
- 'n Forum te verskaf vir dialoog en debat oor die bestuur van die getyrivier; en
- raad en ondersteuning aan regulatoriese en staatsinstansies te bide, wat verantwoordelik is vir die bestuur van die getyrivier.

## **4. STATUS EN GESAG**

4.1. Die Forum sal 'n ad hoc-liggaam sonder amptelike statutêre gesag wees. Dit sal 'n liggaam wees wat konsensus na-streef en sal 'n raadgewende funksie verrig.

4.2. Gevolgtrekkings waartoe die Forum kom en besluite wat geneem word, sal as aanbevelings dien aan die verskillende rolspelers wat betrokke is met die Verlorenvlei-getyriviering. 'n Kultuur van konsensus en verantwoordbaarheid sal bevorder word om deelnemende groepe aan te moedig om op te tree volgens gevolgtrekkings wat bereik is. Die besluite wat geneem word, is nie wetlik bindend op die deelnemers nie.

## **5. SAMESTELLING**

5.1. Die Forum sal bestaan uit verteenwoordigers van alle belangrike sektore wat 'n direkte belang in die bestuur van die Verlorenvleietyrivier het. Die groepe wat op die Forum verteenwoordig word, moet die volgende insluit:

- diegene wat beïnvloed, of geraak sal word deur die bestuur van die getyrvier;
- diegene wat aspekte van die bestuur van die getyrviering reguleer of beheer;
- diegene wat sleutel-ekonomiese rolle m.b.t. die getyrvier, en/of in die gebiede aangrensend aan die getyrvier speel, en,
- diegene wat 'n belangrike sosiale rolle in die lewe van gemeenskappe langs die getyrvier vul.

5.2. Die volgende is die belangrikste sektor-kategorieë wat op die Forum verteenwoordig moet word:

- **regulerende, staats-en bestaande adviserende liggame:** Dit sluit in plaaslike regering, en relevante nasionale en provinsiale staatsdepartemente, insluitend Cape Nature;
- **Besigheidsliggame:** hierdie sluit in verteenwoordigers van die vissery-, mynbou-, en toerisme sektore, sowel as georganiseerde handel en nywerheid organisasies, en
- **Burgerlikeliggame:** Dit sluit in die gemeenskap en belastingbetales organisasies, omgewings-NRO's en ontspannings-groepe.
- **Grondeienaars** aangrensend aan die getyrvier.

## 6. KEURING VAN VERTEENWOORDIGERS

6.1 Elke sektor-kategorie sal sy eie verteenwoordigers op die Forum aanstel.

## 7. AMPSTERMYN

7.1 Elke verteenwoordiger sal vir 'n tydperk van twee jaar, of korter, dien, soos deur die mandaathoudende sektor kategorie bepaal.

7.2 Die ampstermyn van alle verteenwoordigers sal tweejaarliks op 'n vooraf vasgestelde datum beëindig word, soos deur die Forum ooreengekom.

## 8. MANDAATSBRIEWE

8.1. Die verteenwoordigers, deur hulle onderskeie sektore gekies, sal aan die Forum amptelike briewe voorsien van die magteging wat hulle 'n mandaat gee, om deel te neem in die Forum. Van die verteenwoordigers sal verwag word om die menings en die belange van die sektor wat hulle verteenwoordig, weer te gee en te artikuleer. Dit sal vereis dat hulle gereeld met hul onderskeie sektore sal skakel, om, onder andere, leiding te kry.

## **9. PLAASVERVANGERS**

9.1. Elke verteenwoordiger nomineer 'n plaasvervanger om hom-of haarself te verteenwoordig, in gevalle wanneer hy/sy nie 'n vergadering van die Forum kan bywoon nie. Die plaasvervangers moet op hoogte gehou word van die verrigtinge van die Forum deur aan hulle die van notules van vergaderings te voorsien.

## **10. WAARNEMERS**

10.1. In ooreenstemming met 'n verbintenis tot openheid en deursigtigheid, sal lede van die publiek en die media toegelaat word om vergaderings van die Forum by te woon. Hulle sal nie spreekbeurte by die vergaderings hê nie, tensy dit deur die Voorsitter bepaal word, en dan wel in 'n voorgeskrewe tydsvak wat in die agenda van die vergadering aangestip is.

10.2. Die Forum kan ooreenkom, op versoek van enige lid, om prosedures agter geslote deure te voer ten einde vertroulikheid te verseker. In sulke gevalle, sal waarnemers nie toegelaat word om dit by te woon nie.

## **11. BESLUITNEMING**

11.1. Alle Forum-lede het 'n gelyke status met gelyke stemreg. Vervangende lede sal geen stemreg hê nie, indien die hooflid by die vergadering teenwoordig is.

11.2. Die voorsitter van die Forum sal onafhanklik bly en sal daarom geen stemreg hê nie.

11.3. Daar word deur die opsteek van hande gestem, of per stembrief, indien die voorsitter, in oorleg met die lede, dit gerade ag.

11.4. Vir spesifieke besluite waar beide die hooflid en sy/haar vervangende lid nie beskikbaar is nie, sal sy/haar stem toelaatbaar wees met 'n gevolmagtigde skriftelik skrywe aan die voorsitter. Die lid wat by wyse van volmag stem, sal nie deel vorm van die kworum.

11.5. Die lede sal poog om deur middle van konsensus alle sake op te los.

11.6. In gevalle waar konsensus nie bereik word nie, sal die standpunte van die meerderheid en minderheid slegs vir rekorddoeleindes aangeteken word..

11.7. Wysigings aan die opdragte benodig die ondersteuning van 66% + 1 van die volle lidmaatskap van die Forum, indien konsensus nie bereik kan word nie.

11.8. Besluite rakende die verkiesing van die voorsitter vereis 'n 50% +1 ondersteuning van die volle lidmaatskap van die Forum, indien konsensus nie bereik kan word nie.

11.9. In gevalle waar 'n geskil tussen die lede van die Forum (waar die dispuut ó direkte invloed op die rolle en verantwoordelikhede van lede van die forum met betrekking tot hul kiesafdelings, het), sal aparte vergaderings met die partye en die voorsitter gehou word om te poog om konsensus bereik. Indien konsensus nog steeds nie moontlik is nie, sal eksterne bemiddeling of arbitrasie gesoek word, soos deur die voorsitter bepaal.

## **12. VOORSITTER**

12.1. 'n Onafhanklike voorsitter sal deur die lede van die Forum gekies word en alle lede sal geregtig wees om kandidate te nomineer vir sodanige posisie.

12.2. Die ampstermyn van die Voorsitter sal drie jaar wees.

12.3. Die Forum se sekretariaat sal alle lede van die proses vir die aanstelling van die voorsitter adviseer. Elke kandidaat moet gewerf word en moet skriftelik aandui dat hy/sy die posisie sal aanvaar, indien hy/sy verkies word. Nominasies moet skriftelik aan die Sekretariaat voor die sluitingsdatum vir nominasies deurgegee word en moet vergesel word van 'n kort CV van die genomineerde persoon, en bewys van sodanige kandidaat se bereidwilligheid om die posisie te aanvaar. Op die sluitingsdatum vir nominasies moet die sekretariaat 'n lys van al kandidate aan al die lede versprei, tesame met die CV's van die kandidate.

12.4. Die Forum sal d.m.v. 'n meerderheid van stemme op die aanstelling van die voorsitter stem. Daar sal gestem word d.m.v. stembriewe tydens 'n aangewese Forumvergadering. Indien die verlangde resultaat nie in die eerste ronde van die stemming bereik word nie, moet die kandidaat met die minste aantal stemme uitgeskakel word, en 'n verdere ronde van die stemming sal plaasvind. Hierdie proses sal herhaal word totdat die voorsitter verkies is.

12.5. Die voorsitter se rol sal fokus op die fasilitering van die besprekings, die uitvoering van ooreengekome prosedures, toesighouding oor die administrasie van die Forum, skakeling met die media, en die bywoning van enige ander aangeleenthede soos deur die Forum bepaal.

12.6. Vergaderings van die Forum sal plaasvind volgens die konvensionele reëls van vergaderingsprosedures.

12.7. Die voorsitter sal toegelaat word om beslissings te maak oor sake van prosedure.

12.8. Indien die Voorsitter afwesig is, sal die Forum 'n waarnemende voorsitter uit eie geledere verkies. Die waarnemende voorsitter sal in hierdie hoedanigheid waarneem, totdat die voorsitter weer beskikbaar is om met sy plig voort te gaan.

## **13. MEDIA**

13.1. Die media sal toegelaat word om vergaderings van die Forum by te woon.

13.2. Die Voorsitter sal optree as die openbare woordvoerder van die Forum, tensy anders bepaal word deur die Forum.

13.3. Die onderskeie sektore en organisasies wat verteenwoordiging het op die forum sal toegelaat word om verklarings namens hulself uit te reik.

## **14. VERGADERINGS**

14.1. Die getal vergaderings sal deur die Forum bepaal word. Die Forum moet ten minste kwartaalliks vergader.

14.2. Die Sekretariaat sal 'n skedule van die vergaderings op 'n jaarlikse grondslag opstel, in oorlegpleging met die lede, wat ter tafel gelê sal word vir goedkeuring deur die Forum. Hierna moet die sekretariaat een maand kennisgewing gee omtrent enige veranderinge aan die skedule.

14.3. Spesiale vergaderings van die Forum kan op versoek van die voorsitter belê word, op voorwaarde dat ten minste twee weke kennis gegee word, en dat ten minste 15% van die Forum-lede so 'n versoek aan die voorsitter rig. Hierdie kennisgewing kan tersyde gestel word indien 66% + 1 van die Forum-lede daartoe instem.

14.4. Vergaderings sal gehou word op 'n plek wat deur die lede ooreengekom is .

14.5. Indien 50% + 1 lede teenwoordig is, sal die Forum 'n kworum hê.

14.6. As daar nie 'n kworum is nie, moet die vergadering verdaag word en kennis aangaande die besonderhede van 'n nuwe vergadering moet aan alle lede deur gegee word. Die nuwe vergadering mag nie binne een week na die gekansellerde vergadering plaasvind nie. Indien daar nie 'n kworum by die nuwe vergadering is nie, sal diegene wat teenwoordig is, 'n kworum wees.

14.7. Indien Forum-lede nie 'n vergadering kan by te woon nie, moet verskoning voor die vergadering aan die Sekretariaat gemaak word en die lid moet bevestig dat die plaasvervangende lid in sy / haar plek die vergadering sal bywoon.

14.8. Die voorsitter kan enige lid versoek om verskoon te word of om aan die verrigtinge te onttrek, indien hy/sy van mening is dat daar grondige redes is vir sodanige optrede is en dié optrede deur 'n meerderheid van die lede teenwoordig ondersteun word.

## 15. ADMINISTRASIE

15.1 Die [\*<sup>1</sup>voeg organisasie se naam in] sal die funksie en diens van die sekretariaat aan die Forum verskaf.

15.2. Die voorsitter, in oorleg met die [voeg organisasie se naam in], sal toesig oor die sekretariaat se werksaamhede hou.

15.3. Die sekretariaat sal notules van alle Forum-vergaderings neem.

15.4. Notules van die vergadering sal aan al die Forum-lede (hooflede en plaasvervangers) versprei word binne twee weke nadat die vergadering plaasgevind het, nadat dit eers deur die Voorsitter vir verspreiding goedgekeur is.

15.5. Die agenda moet met die voorsitter uitgeklaar word en daarna, tesame met die dokumente wat deur die Forum-lede nagegaan moet word, ten minste sewe dae voor die vergaderings sal plaasvind, versprei word.

15.6. Die notules van die vorige vergadering moet deur die Forum goedgekeur word en deur die voorsitter of sy / haar aangewese plaasvervanger onderteken word.

15.7. Slegs notules wat amptelik goedgekeur is deur die Forum, kan deur sektorale verteenwoordigers aan hulle kiesers versprei word. Sektorale verteenwoordigers moet mondelinge terugvoering oor die kwessies wat op vergaderings bespreek is, deurgee, alvorens die notules aanvaar word.

15.8. Dokumentasie wat relevant is vir die kwessies onder bespreking moet aan die Forum-lede beskikbaar gestel word, hetsy direk, of d.m.v. beskikbaarstelling by plekke wat vir die publiek toeganklik is.

15.9. Die koste van die administrasie van die Forum sal gedra word deur 'n fonds wat deur die [voeg organisasie se naam in] geadministreer word en gefinansier word deur die bronne wat deur die Forum geïdentifiseer is.

15.10. Forum-lede sal hul eie vervoer reël ten einde Forum-vergaderings by te woon.

15.11. Die voorsitter, indien hy/sy in sy/haar 'n professionele hoedanigheid aangestel is, sal retensiegeld betaal word.

---

<sup>1</sup> Dié besluit sal geneem word tydens die eerste vergadering van die Forum. Dit behoort ooreen te stem met die hoof bestuursagent vir die getyrvier

## **16. KOMMUNIKASIE**

16.1. Alle kommunikasie met die Forum sal gerig word aan die voorsitter.

16.2. Alle amptelike kommunikasie van die Forum sal deur die voorsitter, of die persoon wat deur die Forum genomineer is, plaasvind.

16.3. Die Sekretariaat sal alle kommunikasie namens die Forum koordineer.

## **17. GEDRAGSKODE**

17.1. Forum-lede sal poog om dialoog en begrip te bevorder

17.2. Forum-lede sal ten alle tye in goeie trou optree en poog om 'n ingesteldheid van probleemoplossing en samewerking, eerder as konflik en verdeeldheid te bevorder.

17.3. Forum-lede sal die verskille onder mekaar erken en respekteer, terwyl daar na metodes gesoek word om konflik en dispute op te los.

17.4. Forum-lede sal ten alle tye poog om die menings van ander lede te respekteer.

17.5. Forum-lede sal ten alle tye poog om deursigtigheid te bevorder en alle relevante menings en inligting wat betrekking het op die kwessies onder bespreking, openbaar te maak.

17.6. Forum-lede sal ten alle tye poog om oplossings te vind vir die probleme en uitdagings wat voorlê

17.7. In gevalle waar die Forum is van mening dat 'n lid van die Forum nie die uitvoering van sy / haar verwagte pligte nakom nie, het die Forum, deur die voorsitter gelei, die verantwoordelikheid om die belange groep daarvan skriftelik in kennis te stel. Die belange groep sal die reg hê om die lid te vervang. Die voorsitter kan die belange groep help in die keuse van 'n plaasvervanger.

## **18. VERSLAGDOENING**

18.1. Die voorsitter sal, binne twee maande na die einde van die jaarlikse ampstermyn van die lede, 'n jaarverslag van die aktiwiteite van die Forum voorberei, op 'n datum wat deur die lede ooreengekom word, en dit aan die lede en die betrokke owerhede, na goedkeuring deur die Forum, versprei.

## **19. ONTBINDING van die Forum**

19.1. Die Forum kan ontbind word deur 'n resoluie van 66% + 1 van al die lede van die Forum.

### **GOEDKEURING**

Die daarstel van die opdrag word hierby aanvaar <datum en ondertekenaars sal nog bygevoeg word >